

'n Israeliet sonder bedrog

Die geskiedenis van Jakob lê in die agtergrond van hierdie Skrifgedeelte. Jakob was immers die eerste Israeliet (Gen 32:28). Hy was 'n Israeliet met bedrog, 'n hakskeengryper van geboorte af (Gen 25:26). Die oop hemel met engele wat op en af beweeg (vs 51), is eerste deur Jakob in 'n droom gesien (Gen 28:12).

Al is Natanael van Jakob se nageslag, is hy anders as Jakob. Jakob was 'n gryper, 'n selfdoener en 'n man van aksie. Natanael is 'n denker, 'n student. Onder die vyeboom (tradisioneel die Israeliete se plek vir meditasie) bepeins hy dag vir dag die Skrif en kyk hy uit oor die profetiese horisonne of hy die beloofde Verlosser al sien kom.

Natanael kyk egter nie net uit na die Verlosser nie, die Verlosser kyk ook uit na Natanael. Hy sien Natanael waar Hy onder die vyeboom sit. Hy sien hom wonder oor die beloftes van die Woord. Jesus sien en ken Natanael, Hy ken sy diepste verlangens en behoeftes. Dat Jesus hom persoonlik ken, oortuig Natanael dat Hy die Seun van God is (vs 49).

Só sit jy vandag en lees in die Woord van God, maar besef tog, die God van die Woord sien jou! Hy ken jou behoeftes, begeertes en verlangens deur en deur! Daarom stuur Hy Christus op jou lewenspad! In Christus en sý verdienste vervul God al die behoeftes wat jy het. Omdat Christus gekom het, hoef Israel nie meer Jakob te wees wat deur bedrog en eie planne lewensvervulling soek nie. Nee, Israel (en jy) kan Natanael, Israeliete sonder bedrog wees, Israeliete wat “die Seun van God; die KONING van Israel” ontdek het (vs 49). Wie hierdie Koning ontdek en volg, sal “groter dinge” sien en beleef (vs 51).

Sing: Psalm 45:1, 16 (1936)

Dr. WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)